



# basic education

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PUNTE

## JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2014 GRAAD 9 AFRIKAANS HUISTAAL TOETS

PUNTE: 80

TYD: 2 UUR

PROVINSIE \_\_\_\_\_

DISTRIK \_\_\_\_\_

KRING \_\_\_\_\_

SKOOL \_\_\_\_\_

EMIS-NOMMER (9 syfers)

--	--	--	--	--	--	--	--	--

KLAS (bv. 9A) \_\_\_\_\_

VAN \_\_\_\_\_

NAAM \_\_\_\_\_

GESLAG (✓)

SEUN

DOGTER

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

Hierdie toets bestaan uit 21 bladsye, die voorblad uitgesluit.

**Instruksies aan die leerder:**

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Die onderwyser(es) sal jou deur die oefenvoorbeeld lei voordat jy met die toets begin.
3. Die toets duur 2 uur.
4. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

**Oefenvoorbeeld vir meervoudigekeuse-vrae**

Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Watter land verteenwoordig die Bafana Bafana sokkerspan?

- A Australië
- B Suid-Afrika
- C Kameroen
- D Nigerië

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy die letter **B** omkring het.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

## AFDELING A: BEGRIP EN TAAL

Lees die onderstaande teks en beantwoord VRAAG 1.1 tot 1.14.

### MANDELA VERHEERLIK AS 'N GROOT FIGUUR IN DIE GESKIEDENIS

1. In oorvloedige lofprysing, herinnering en feesvieringe het talle leiers van reg oor die wêreld by derduisende Suid-Afrikaners aangesluit in 'n groot, reëndeurdrenkte sokkerstadion, om gesamentlik hulde te bring aan Nelson Mandela. Sy stryd teen apartheid was 'n inspirasie vir sy landgenote asook mense oor alle grense heen.

2. Geklee in nasionale klere, waarvan sommige kledingstukke die beeld van mnr. Mandela daarop gedruk gehad het, het landsburgers hul vorige president se inspirasie en nalatenskap vir diegene wat in die post-apartheidsera grootgeword het, gevier.

3. Groot toejuiging het losgebars toe Barak Obama, president van die Verenigde State van Amerika, die huldeblyk, wat 'n vermenging was van 'n persoonlike boodskap en 'n oproep om mnr. Mandela se waardes gestand te doen, gelewer het.

4. "Aan die mense van Suid-Afrika – mense van elke ras en alle vlakke van die samelewing - die wêreld dank u dat u

Nelson Mandela met ons gedeel het," het mnr. Obama gesê. "Sy stryd was julle stryd.

Hy was ons leermeester en ons mentor en het nooit tou opgegooi as ons misluk het nie."

Sy oorwinning is julle oorwinning. Julle waardigheid en hoop het gestalte gevind in sy lewe en julle vryheid. Julle demokrasie is sy kosbare nalatenskap."

5. "Selfs die hemele het geweene," het een vrou uit die skare dit genoem, terwyl die stortreën voortgeduur het. "Ons het 'n engel verloor." Nothando Dube, was teen 6 vm. by die stadion. Sy het ou vryheidsliedere gesing totdat die gedenkdiens meer as vyf uur later begin het. "Dit voel anders om dit as 'n vry jongmens te sing," het me. Dube gesê, wat 'n baret van mnr. Mandela se party, die *African National Congress*, gedra het. "Jy probeer hulle gevoel en emosies ervaar soos wanneer hulle die liedere in die tronk gesing het."

6. Cyril Ramaphosa, 'n voormalige vakbondleier, 'n ryk entrepreneur en onlangse adjunkleier van die regerende *African National Congress*, was die programdirekteur.

Hy het genoem "sy lang pad is verby", verwysend na "Long walk to Freedom", die titel van mnr. Mandela se outobiografie.

“Maar ons s’n begin nou eers. Meer as 100 lande word vandag hier verteenwoordig, verteenwoordigend van biljoene mense wêreldwyd,” het mnr. Ramaphosa gesê. Hy het bygevoeg, “dit is hoe Nelson Mandela dit sou verkies het.”

7. Die gedenkdiens het 20 jaar, tot op die dag, nadat mnr. Mandela en F.W. de Klerk, saam na Oslo gereis het om die gedeelde Nobelprys vir Vrede te ontvang, plaasgevind.

Mnr. De Klerk was Suid-Afrika se laaste wit president, wat die oorgawe van die Afrikaner Mag onderhandel het. Hy was ook onder die hooggeplaastes wat die gedenkdiens in die stadion bygewoon het.

[Aangepas en vertaal uit *International New York Times*, 11 Desember 2013]

- 1.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.  
Identifiseer die doel van die teks.

- A Om lesers in te lig
- B Om lesers te vermaak
- C Om ’n outobiografie te bemark
- D Om koerantverkope te verhoog

(1)

- 1.2 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Identifiseer die hoofgedagte van die artikel.

- A Cyril Ramaphosa was die programdirekteur.
- B Nonthando Dube het vryheidsliedere gesing.
- C President Obama het ’n huldeblyk gelewer.
- D Hulde is aan Nelson Mandela gebring.

(1)

- 1.3 “Selfs die hemele het geweën,” het een vrou uit die skare dit genoem, terwyl die stortreën voortgeduur het.

Verduidelik die doel van die aanhalingstekens in bostaande sin.

---

---

(1)

- 1.4 Omkring die letter van die korrekte antwoord.  
Waarvoor staan die afkorting “vm.” in Paragraaf 5?

- A 12:00 die middag
- B Middernag
- C Tussen 00:00 en 12:00
- D Tussen 12:00 en 18:00

(1)

- 1.5 Verwys na Paragraaf 5.  
“Ons het ’n engel verloor.” Stem jy saam met die skrywer?  
Gee ’n rede vir jou antwoord.

---

---

(2)

- 1.6 Skryf die kernsin van Paragraaf 5 neer.

---

---

(1)

1.7 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Gebruik 'n voorvoegsel by "persoonlike" (Paragraaf 3) om die teenoorgestelde betekenis te gee.

- A Onpersoonlike
- B Interpersoonlike
- C Ompersoonlike
- D Inpersoonlike

(1)

1.8 Sê of die volgende 'n FEIT of 'n OPINIE is. Verduidelik jou antwoord.

"Groot toejuiging het losgebars toe President Obama die huldeblyk gelewer het."

---

---

(2)

1.9 Verwys na Paragraaf 1.

Dink jy dat die skrywer Mandela as 'n internasionale figuur beskou?

Gee 'n rede vir jou antwoord.

---

---

(2)

1.10 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat beteken die woord "outobiografie" (Paragraaf 6)?

- A 'n Boek oor 'n persoon se lewe deur homself geskryf
- B 'n Persoon se lewensverhaal deur iemand anders geskryf
- C 'n Boek oor motors
- D 'n Liefdesverhaal

(1)

1.11 Verbind die volgende sinne deur 'n gepaste voegwoord te gebruik.

Mandela se lang pad is verby. Ons s'n begin nou eers.

---

---

(1)

1.12 Gee 'n sinoniem vir die woord "tronk" (Paragraaf 5).

---

(1)

1.13 Dink jy dat hierdie "groot figuur in die geskiedenis" in die toekoms 'n invloed op Suid-Afrikaanse burgers sal hê? Gee'n rede vir jou antwoord.

---

---

---

(2)

1.14 In watter gedrukte media sal hierdie artikel verskyn?

- A 'n Koerant
- B 'n Tydskrif
- C 'n Kortverhaal
- D 'n Roman

(1)

**TOTAAL AFDELING A : 18**

## AFDELING B: TAALLEER

2.1 Skryf die volgende sin in die indirekte rede neer.

Mnr. Ramaphosa het gesê: “Madiba se lang pad is verby.”

Begin jou sin met: Mnr. Ramaphosa het gesê \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ (2)

2.2 Skryf die hoofsin van die onderstaande sin neer.

“Aan die mense van Suid-Afrika – mense van elke ras en alle vlakke van die samelewing – die wêreld dank u dat u Nelson Mandela met ons gedeel het.”

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (1)

2.3 Identifiseer die onderstreepte woordsoorte in die onderstaande sin.

Cyril Ramaphosa, 'n voormalige arbeidsleier, 'n ryk entrepreneur en onlangs adjunkleier van die regerende *African National Congress*, was die programleier, net soos wat hy 'n belangrike rol gespeel het tydens mnr. Mandela se vrylating.

2.3.1 ryk \_\_\_\_\_

2.3.2 van \_\_\_\_\_

2.3.3 het \_\_\_\_\_ (3)

2.4 Gee die korrekte meervoudsvorm van die onderstreepte woorde in die onderstaande sin.

Hulle het (2.4.1) lied in die (2.4.2) tronk gesing.

2.4.1 \_\_\_\_\_

2.4.2 \_\_\_\_\_ (2)



- 2.5 Verbeter die onderstaande sinne deur die korrekte onderstreepte werkwoord te kies. Skryf jou antwoorde in die spasies wat voorsien is.
- Mnr. Mandela se erfenis (2.5.1) is/was deel van Suid-Afrikaners, daarom (2.5.2) sal/wou ons dit laat voortleef en (2.5.3) vereer/verag ons hom daarvoor.

2.5.1 \_\_\_\_\_

2.5.2 \_\_\_\_\_

2.5.3 \_\_\_\_\_ (3)

- 2.6 Die volgende paragraaf het DRIE foute. Verbeter die spelling en taalfoute en skryf dit in die spasies neer.

Tydens 2013 in 'n oorwelgende reaksie teenoor die Mandela erfenis, het honderd mense saam met Suid-Afrika gerou oor die heengaan van Nelson Mandela, wat ons inspireer het. As vaderfiguur is Nelson Mandela 'n rolmodel vir alle pas. Die verrigtinge het om elfuur begin.

2.6.1 \_\_\_\_\_

2.6.2 \_\_\_\_\_

2.6.3 \_\_\_\_\_ (3)

- 2.7 Kies die korrekte vorm van die bywoord tussen hakies.

Suid-Afrikaners bou voort op Mandela se erfenis met die 67 minute van diens wat (jaar/ jaarliks) herdenk word.

\_\_\_\_\_ (1)

- 2.8 Skryf die onderstaande sin oor in die verlede tyd.  
Suid-Afrikaners begin Madiba-hemde dra.

---

(1)

- 2.9 Omkring die letter van die gepaste voorsetsel wat in die onderstaande sin gebruik moet word.

Mnr. Mandela en F.W. de Klerk het die Nobelprys vir Vrede \_\_\_\_\_ die stad Oslo ontvang.

- A onder
- B in
- C vir
- D by

(1)

2.10 Skryf 'n opsomming van die volgende uittreksel uit 'n koerantberig.

Lees die teks deeglik deur. Jy moet die volgende doen.

- Som die onderstaande uittreksel in jou eie woorde in VYF (5) sinne op. Jou opsomming moet tussen 45 - 55 woorde wees.
- Skryf sover as moontlik in jou eie woorde.
- Elke sin moet 'n volsin wees.
- Skryf die aantal woorde aan die einde van die opsomming neer.

1. In lofprysing en feesvieringe het wêreldleiers by derduisende Suid-Afrikaners aangesluit in 'n reëndeurdrenkte sokkerstadion, om gesamentlike hulde te bring aan Nelson Mandela. Sy stryd teen apartheid was 'n inspirasie vir sy landgenote asook mense oor alle grense heen.

2. Geklee in nasionale kleredrag, het landsburgers hul vorige president se inspirasie en nalatenskap vir diegene wat in die post-apartheidsera grootgeword het, gevier. Die beeld van mnr. Mandela was op sommige kledingstukke gedruk.

3. Groot toejuiging het losgebars toe President Obama sy huldeblyk gelewes het. Dit was 'n vermenging van 'n persoonlike boodskap en 'n oproep om mnr. Mandela se waardes te laat voortleef.

4. "Aan die mense van Suid-Afrika – die wêreld dank u dat u Nelson Mandela met ons gedeel het," het mnr. Obama gesê. "Sy stryd was julle stryd. Sy oorwinning is julle oorwinning. Julle demokrasie is sy kosbare nalatenskap."

5. Nothando Dube, was teen 6 vm. by die stadion. Sy het ou strydliedere gesing totdat die gedenkdiens meer as vyf ure later begin het. "Jy probeer hulle gevoel en emosies ervaar soos wanneer hulle die liedere in die tronk gesing het."

(183 woorde)

2.10.1 \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
2.10.2 \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
2.10.3 \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
2.10.4 \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
2.10.5 \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (5)

\_\_\_\_\_ woorde

**TOTAAL AFDELING B: 22**

## AFDELING C: ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord VRAAG 3.1 tot 3.5.

### MADIBA KLASSIEK – OLYFKLEUR

Top of Form

**Prys:** R1 595

**Grootte:** K M G XG XXG 3XG 4XG

Die olyfkleurige MADIBA KLASSIEK, is die katoenweergawe van die geliefde ikoniese Mandela-syhemp. Dit is van 100% sagte bedrukte katoen gemaak en het 'n syagtige afwerking. Die eenvoudige ontwerp met 'n klassieke kraag, enkel-mouboordjie, voorsak en agterpant gefatsoeneer vir gemak, laat toe dat die drukwerk die hoofkenmerk van die hemp is. Dit is stylvol en ikonies en kan na beide formele en informele funksies gedra word.



### **INSPIRASIE**

"Ek is die produk van Afrika en haar koesterende visie vir hergeboorte kan nou realiseer sodat al haar kinders in die son mag speel." 'n Madiba-hemp is 'n batiksyhemp, gewoonlik versier met helder en kleurvolle drukwerk. Hierdie hemp is oorspronklik van sy vir Nelson Mandela gemaak en is gedra tydens 'n vergadering met Al Gore, vise-president van die Verenigde State van Amerika. Dit word sedertdien van sagte sy-katoen gemaak.

3.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat word in die advertensie geadverteer?

- A Die presidensiële hemp
- B Katoen-en nylonhemde
- C Suid-Afrikaanse produkte
- D Die vervaardigingsmaatskappy

(1)

3.2 Die byvoeglike naamwoorde “geliefde” en “ikoniese” word in Reël 1 gebruik.

Hoe laat die woorde die leser voel?

---

---

(2)

3.3 Identifiseer die beeldspraak in die onderstaande sin.

“Afrika en haar koesterende visie”

---

(1)

3.4 Noem TWEE groepe mense wat waarskynlik hierdie hemp sal koop.

---

---

(2)

3.5 Hoe manipuleer die woorde “As jy ’n kind van Afrika is” die kliënt?

---

---

(2)

**TOTAAL AFDELING C: 8**

## AFDELING D: POËSIE

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Arbeid Adel

daar is 'n loflied  
in die klank van 'n kruitse se rollende wiel  
'n wiel wat kners en kreun onder sy vraag  
loof die Here want hy verkwik my siel  
vir harde hande-arbeid bied van krag tot krag  
sterke krag wat Hy my bied

5

sing 'n vreugdeslied  
saam met die draaiende sementmenger  
wat massas grys pappery kom uitgiet  
daar 'n stewige fondasie te lê  
vreugde sonder enige verdriet  
want 'n huisie op rots wil ek hê

10

loof met 'n danklied  
met die klap-klank van 'n hamer  
wat klippe breek en fyn verbrokkel  
soos die skerpe van jou breekbare siel  
deur murg en been vermorsel  
genade vir my verniet

15

sing my stem 'n smeekgebed  
op maat van 'n boogsaag se geknars  
saam met hartseer en verlange  
om weer net waardig te kan wees  
voor die Heer se groot genade  
wat Hy telkens vir my bied

20

4.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

4.1.1 Identifiseer die tema van die gedig.

- A Geluk
- B Hartseer
- C Angstigheid
- D Dankbaarheid

(1)

4.2 Beantwoord die volgende vrae.

4.2.1 Identifiseer die beeldspraak in Reël 3.

\_\_\_\_\_

(1)

4.2.2 Identifiseer die stylfiguur: “in die klank van die kruitwa” (Reël 2).

\_\_\_\_\_

(1)

4.3 Waarom, dink jy, gebruik die skrywer die vergelyking “wat klippe breek en fyn verbreek soos die skerpe van die breekbare siel”?

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

(2)

4.4 Die woord “rots” (Reël 12) kan letterlik en figuurlik gebruik word. Verduidelik beide.

4.4.1 Letterlik: \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

4.4.2 Figuurlik: \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

(2)

**TOTAAL AFDELING D: 7**



## AFDELING E: SPOTPRENT

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: Bizarro Comics]

5.1 Beantwoord die volgende vrae.

5.1.1 Wat is die beroep van die manlike karakter wat aan die linkerkant van die pasiënt staan?

(1)

5.1.2 Waar speel die toneel af?

\_\_\_\_\_ (1)

5.2 Waarom, dink jy, is die ikoon/simbool vir Facebook groter gedruk as die ander sosiale mediasimbole?

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2)

5.3 Omkring die letter van die korrekte antwoord.  
Wat is die boodskap van die spotprent?

- A Dit is belangrik om jou oë te laat toets.
- B Tegnologie neem ons lewens oor.
- C Oogtoetse is verwarrend.
- D Die man is blind.

(1)

**TOTAAL AFDELING E: 5**

## AFDELING F: SKRYF

### INSTRUKSIES

Skryf 'n **verhalende** opstel aan die hand van die volgende kriteria:

- Beplan jou opstel in die raam wat voorsien is.
- Skryf die titel en jou finale opstel in die ruimte wat voorsien is.
- Die lengte van jou opstel moet tussen 150 – 200 woorde wees.
- Jou opstel sal aan die hand van die kriteria op bladsy 19 nagesien word.


Kies **EEN** van die volgende onderwerpe:

6.1 Die dag toe ek besef het ek is vry!

**OF**

6.2 Die dag toe sosiale media (Facebook, Twitter, ens.) my lewe verander het!

## Beplanning

A large, empty rectangular box with a thin black border, occupying the central portion of the page. It is intended for students to write their planning for the test.

[illegible]

